

SA stelsel lei missiele weg van siviele vliegtuie

Erika Gibson, Pretoria

'n Missielafweerstelsel wat deels in Suid-Afrika ontwikkel is, kan binnekort siviele vliegtuie beskerm.

Die stelsel is 'n eerste vir Suid-Afrika en die wêreld, het mnr. Chris Briers van Naturelink, wat saam met SAAB Avionics en Chemring Countermeasures in Brittanje betrokke was by die ontwikkeling daarvan, gesê.

Die stelsel sal boonop in Suid-Afrika vervaardig word en "plaas die land aan die voorpunt op dié gebied," het Briers gesê.

Soortgelyke stelsels word lank reeds deur militêre vliegtuie gebruik, maar die enkele pogings tot nou om dit vir siviele gebruik aan te pas, was baie duur.

Naturelink, 'n vliegtuigverhuring- en verskaffingsmaatskappy, het vliegtuie in Bagdad en in Afrikalande soos die konflik-geteisterde Soedan.

Briers het Avitronics sowat vier jaar gelede genader om na die ontwikkeling van 'n missielafweerstelsel (Camps) ondersoek in te stel. Camps bestaan uit 'n opsporingstelsel met 'n ultravioletole-kamera aan boord van die vliegtuig wat die rookpluim wanneer so 'n missiel afgevuur word, dadelik raaksien.

Dié opsporing is van kardinale belang aangesien die missiel binne sekondes daarna die vliegtuig kan tref.

Volgens mnr. Frans Vermaak van Avitronics is die fakkels, wat deur militêre



Mnr. Chris Briers van Naturelink demonstreer met 'n siviele vliegtuig, die Embraer 120, hoe missiele van siviele vliegtuie weggelei kan word.
Foto: ERROL VAN RENSBURG

vliegtuie afgevuur word om missiele met hitte van die vliegtuig weg te lok, nie geskik vir die sagte rompe van die meeste siviele vliegtuie nie.

Daarom is 'n nie-plofbare chemiese stof, wat nie met die blote oog sigbaar is nie, maar

steeds hitte genereer en die missiel weglok, vir Camps ontwikkel.

Volgens mnr. Anton Kleck van Avitronics is daar reeds verskeie lande en organisasies wat in die stelsel belangstel. Die stelsel is eenvoudiger

en goedkoper as enige ander militêre stelsel, enig in sy soort en kan openige vliegtuig gemonteer word, sê Vermaak.

Ná verskeie toetsvlugte in Brittanje en in Swede is Camps vandeesweek by die lugmag se toetsvlieg- en ont-

wikkelingsentrum by Bredasdorp gedemonstreer.

Daar is reeds met die internasionale sertifisering daarvan begin. Camps sal na beplanning teen die tweede helfte van 2008 op die mark beskikbaar wees.